**PERSVERKLARING**
**11 NOVEMBER 2020**

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

**DIE SUIWELBEDRYF-INNOVERINGSTOEKENNINGS – SUIWELWELSTAND NOU ’N WINSGEWENDE KEUSE!**

*ZOETIS SUID-AFRIKA IS BENOEM AS DIE BESTE INNOVEERDER IN DIE SESDE JAARLIKSE TDM INNOVERINGSTOEKENNINGS; Zoetis Suid-Afrika se CLARIFIDE®Plus is nommer een op die kortlys vir die TDM Innoveringstoekennings 2020 wat erkenning gee aan die innoverendste en gevorderdste produk wat tussen 1 Julie 2019 en 30 Junie 2020 in die Suid-Afrikaanse suiwelmark bekendgestel is. Volg #MilkMpo op Twitter en @MilkProducersSA op Facebook om te kyk na al die beste oomblikke van die MPO se virtuele nasionale jaarkongres en toekenningseremonie op Woensdag 4 November.*

**VIRTUEEL UIT PRETORIA** – 4 November 2020 – *The Dairy Mail* het Zoetis Suid-Afrika se CLARIFIDE® Plus produk aangekondig as die wenner van hul 2020 Innoveringstoekenning tydens die eerste MPO virtuele nasionale jaarkongres en toekenningseremonie op Woensdag 4 November. Dit was die sesde jaarlikse TDM toekenningsgeleentheid en word deur die Melkprodusente-organisasie (MPO) beskryf as “die hoogste eer vir innovering in die melkbedryf”. Die toekenning word gemaak deur *The Dairy Mail* (TDM), en is ’n nasionale eerbewys vir uitnemendheid in suiwelinnovering. Die TDM se beoordelaarspaneel, wat die wenner van die TDM Innoveringstoekenning aanwys, bestaan uit kundiges in die suiwelbedryf, insluitende Melk SA se programbestuurder vir navorsing en ontwikkeling, dr. Heinz Meissner; die president van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Suiweltegnologie (SAVST), Stephan Steyn; en die uitvoerende hoof van die MPO, dr. Chris van Dijk.

“Wêreldwyd is daar groeiende belangstelling in die gebruik van genetiese verbeteringstrategieë as ’n noodsaaklikheid vir die instandhouding van produktiewe en doeltreffende melkboerderye. Die gebruik van teelstrategieë wat gesondheidseienskappe insluit, dra by tot die verbetering van dierewelstand (op ’n tydstip dat die welsyn van diere al belangriker raak) en doeltreffende boerdery. CLARIFIDE® Plus balanseer produksie, gesondheid en lewenslange wins vir holistiese melkboerdery in ’n seleksie-indeks genaamd Dairy Wellness Profit Index® (DWP$®),” sê dr. Barry van Houten, bemarkingsbestuurder van herkouerdiee by Zoetis Suid-Afrika.

“Zoetis Suid-Afrika se CLARIFIDE® Plus is ’n genomiese toets wat uitgevoer word op óf haar- óf weefselmonsters van verse op ’n jong ouderdom. Dit verskaf waardevolle en betroubare inligting oor die toekomstige potensiaal van die betrokke kalf. Genomiese toetsing met CLARIFIDE® Plus kan help in die identifisering van vroulike Holstein- and Jersey-diere met die grootste potensiaal om by te dra tot kuddegesondheid en winsdoelwitte – van kalf- tot koeistadium,” sê dr. Chantelle Erwee, tegniese bestuurder vir herkouerdiere by Zoetis Suid-Afrika.

“Dis vir ons ’n eer om erkenning te ontvang as die 2020-wenner van die TDM Innoveringstoekenning, en ek wil graag my span gelukwens met hul uitmuntende werk in die versterking van die doelwitte van ons suiwelstrategie deur ons deelname,” sê dr. Ralf Patzelt, direkteur van die sake-eenheid vir vee by Zoetis Suid-Afrika.

Zoetis Suid-Afrika is vereer tydens die glansryke TDM Innoveringstoekenningseremonie op **Woensdag 4 November** by geleentheid van die eerste MPO virtuele nasionale jaarkongres. Die ander finaliste was Lancewood Holdings, Woodlands Dairy en Chemuniqué.

**IETS OOR DIE WENNER**

Zoetis is ’n wêreldwye dieregesondheidsmaatskappy wat toegewy is aan al beter ondersteuning van klante en hul ondernemings. Deur voort te bou op die ervaring van meer as 65 jaar lewer hulle gehalte-medisynes, entstowwe en diagnostiese produkte, aangevul deur bio-instrumente, genetiese toetse en presisie-veeboerdery. Hulle werk daagliks om beter begrip te verkry van die uitdagings waarmee diegene wat diere grootmaak en versorg te kampe het. Hul doelwit is om hierdie probleme op relevante wyses te help oplos.

**Besoek die TDM Innoveringstoekennings aanlyn:**

Webwerf: www.mpo.com | Facebook: www.facebook.com/MilkProducersSA | Twitter: @MilkMpo

**Iets oor die TDM Innoveringstoekennings:**

ONS VEREER INNOVERING sedert 2013. Die toekenning het ten doel om erkenning te gee aan die innoverendste en gevorderdste produk wat tussen 1 Julie 2019 en 30 Junie 2020 in die Suid-Afrikaanse suiwelmark bekendgestel is. Die oogmerke is die volgende:

- Bekendstelling van die maatskappyprofiel – die ondernemings op die kortlys en die wenners word aan lesers regoor die land bekend gestel en bied uitstekende dekking.
- Beproefde kennis – versterk die maatskappy se reputasie in die bedryf.
- Vereenselwiging met uitmuntendheid – die TDM Innoveringstoekennings gaan oor die viering van uitnemendheid.
- Die wenner ontvang ’n 5 bladsy-artikel in die Januarie-uitgawe van *The Dairy Mail* (ter waarde van meer as R60 000).

**Meer inligting beskikbaar by:**

Michelle de Lange, redakteur, *The Dairy Mail*
tdmeditor@agriconnect.co.za |Sel: 079 162 6465




From left: Dr Ralf Patzelt, Michelle de Lange, and Dr Barry van Houten.

Dr. Barry van Houten, bemarkingsbestuurder, Zoetis SA
barry.vanhouten@zoetis.com | **www.zoetis.co.za**



Dr Barry van Houten receives the TDM Innovation Award.